# *Uitdaging en antwoord: 'n Vars perspektief op die evolusie van die Afrikaners*

(Grourie Entrepreneurs BK, Brooklyn, 2007)

**Jackie Grobler**

JWN Tempelhoff
Researcher, School of Basic Science
Vaal Triangle Campus
North-West University

Die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing het sedert die 1990's aansienlike veranderinge ondergaan. 'n Uitstaande kenmerk daarvan is dat die status van veral die blanke Afrikaanstalige Suid-Afrikaners aansienlik gewysig is. In die teenswoordige tydsgewrig het die dominante diskoers een geword waarin die bevrydingsgeskiedenis van die land se swartmense, wat die destydse aprtheidsregering teengestaan het, op die voorgrond geplaas is.

In baie opsigte is die konstruktiewe bydrae wat veral die Afrikanersgespeel het, letterlik uit die geskiedenis geskryf. Dit het meegebring dat die debat oor die land se historiografie 'n nuwe eensydige aangesig gekry het. Die heldedade van die swartmense en ander groepe wat voorheen oor die hoof gesien is, is prominent op die voorgrond geplaas – dit ten koste van die rol wat Afrikaners gespeel het. Te midde van projeksies in sommige geledere van die geskiedenisprofessie dat Afrikanerhistoriografie toenemend 'n meer geringe rol gaan speel, is dit duidelik dat 'n konstruktiewe balans in die waardering van die land se verlede nog lank middelpuntvlietend gaan wees. Die huidige era is een van ekstreme en die teenswoordige perspektief op die vergangenheid is te oppervlakkig om 'n volronde perspektief op die verlede van 'n komplekse samelewing in die stroomversnellings van sosio-ekonomiese en politieke transformasie te kry.

Dit is teen hierdie agtergrond dat Uitdaging & antwoord: 'n Vars perspektief op die evolusie van die Afrikaners deur dr Jackie Grobler beoordeel kan word.

As gevolg van ontevredenheid in die geledere van Afrikaanstalige onderwysers en kultuurleiers oor die aard en inhoud van nuwe skoolhandboeke vir Suid-Afrikaanse geskiedenis het 'n beraad van die geskiedeniskommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns in Januarie 2007 plaasgevind. By die geleentheid het 'n aantal van die land se voorste Afrikaanse historici, soos proff. Hermann Giliomee en Fransjohan Pretorius, saam met 'n groep onderwysers, oor die toedrag van sake gesprek gevoer. Hierdie geleentheid, was volgens Grobler, die rede waarom sy kort oorsiggeskiedenis van die evolusie van die Afrikaners die lig gesien het.

Dat hierdie werk 'n bydrae lewer, ly geen twyfel nie. Volgens 'n persoonlike mededeling van die skrywer, het die eerste oplaag soos soetkoek verkoop. Sy teikenlesers is die jeug – veral die Afrikaanse jeug. As Voortrekkerleier en 'n akademikus wat reeds baie jare intensief met jongmense kommunikeer, praat die teks in 'n idioom wat jongmense maklik sal verstaan.

Die onderliggende diskoerse van die werk word vanuit die staanspoor duidelik uitgespel. Die Afrikaners se selfbeskikkingsdrang, hulle onderlinge verdeeldheid, Christenskap, taal en geneigdheid tot onderlinge vervreemding, word pertinent in die inleiding genoem. In baie opsigte is hierdie wesentlike prioriteite wat sedert die laaste kwart van die negentiende eeu - toe Afrikanersnasionalisme in Suid-Afrika beslag gekry het - vooropgestel is. Grobler het dit bloot afgestof en op 'n verstaanbare manier as deel van die verhaal van die Afrikaners aan 'n nuwe geslag oorgedra.

Die waarde van Uitdaging en en antwoord is geleë in die feit dat 'n geslag Afrikaanstalige Suid-Afrikaners in hierdie studie die kans kry om die geskiedenis van die land te leer ken uit 'n perspektief waarin Afrikaners nie sonder meer as die muishonde uitgesonder word nie. Daar word opnuut aandag gegee aan die era van die Groot Trek (1838-1852). Ook word die ontstaansgeskiedenis van die destydse Boererepublieke van veral die Vrystaat en Transvaal uitgespel. Dit vind plaas teen die agtergrond van 'n omvattende beskrywing ook van die ander bevolkingsgroepe se geskiedenis. Die geskiedenis van die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) word in detail bespreek. In die twintigste eeu was hierdie gebeurtenis 'n belangrike element in die vorming van Afrikanernasionalisme. Vir Grobler gaan dit egter ook oor die beskrywing van 'n gebeurtenis wat vir menige lesers van die Suid-Afrikaanse geskiedenis interessant is.

In die oorblywende sowat 80 bladsye word ingegaan op die geskiedenis van die twintigste eeuse Suid-Afrika. Suid-Afrikaners wat ná 1990 gebore is,

ongeag ras of kleur, het dikwels min kennis oor die geskiedenis van apartheid en die evolusie van die rassebestel wat destyds die karakter van die land en sy mense bepaal het. In die besonder wys Grobler daarop dat Afrikaners, in die nadraai van die oorlog van 1899-1902, hulle daarvoor beywer het om die politieke beheer van die land te kry. Vir ‘n jong geslag Afrikaners is dit ‘n nuwe verhaal. Baie is onbewus van die wyse waarop hul voorgeslagte as verarmde landelike mense ‘n moeilike verstedelikingsproses moes deurmaak. Die skrywer is nie apologeties vir apartheid nie. Hy erken prontuit dat aspekte daarvan verkeerd was. Dit het trouens baie nadelige gevolge vir Afrikaners inghou. Aspekte daarvan – soos ‘n afkeer in die gunstige waardering van die Afrikaanse taal - word in die verbygaan bespreek.

Die werklike helde in Grobler se werk is nie meer soseer die Afrikaanse politieke leiers van weleer nie. Nou is dit ook die mense wat op die terrein van die ekonomie, wetenskap, kuns, kultuur en sport ‘n stempel afgedruk het. Daar is ‘n kort oorsig van die wording van die Afrikaanse taal – ‘n sluitsteen waaromheen die identiteit van die Afrikaners gevorm is. Ook word aandag gegee aan die moderne Afrikaanse musiek en uitvoerende kunste wat danksy gereelde kultuurfeeste merkwaardige deurbrake in onlangse jare gemaak het. Enkele tydgenootlike samelewingsprobleme, soos misdaad, struikelblokke in die weg van ‘n gebalanseerde transformasie, en die soeke na versoening in die post-apartheidsera deur middel van die waarheid- en versoeningskommissie, word bespreek.

Grobler verduidelik telkens bepaalde kontemporêre ervarings van Afrikaners, soos byvoorbeeld, die gevoel van vreemdelingskap in hul eie land, teen die agtergrond van die geskiedenis. Hy verduidelik dat baie boere op die negentiende eeuse Oosgrens dieselfde ervaar het voordat hulle die Kaap verlaat het om die binneland in te gaan. In die laat twintigste eeu het ‘n nuwe generasie Afrikaners net ‘n ander roete gevolg – na die buiteland.

Grobler se werk is ‘n studie wat in opregtheid die posisie van die Afrikaners in Suid-Afrika aan ‘n nuwe geslag kultuurgenote oordra. Dit spreek egter van heelwat meer. In meer as een opsig is dit ‘n mededeling oor ‘n segment van die land se bevolking wat in die verlede ‘n merkwaardige bydrae tot die ontwikkeling van Suid-Afrika gelewer het. Om hulle te misken sou onvanpas wees.

Ofskoon die studie nie heeltemal geskik sou wees om aan nie-Suid-Afrikaners die komplekse verhaal van die land se samelewing te karteer nie, kan dit wel

'n lig op die Afrikaners werp. Gegewe die feit dat veral Afrikaners in die Suid-Afrikaanse historiografie in onlangse jare swaar moes deurloop, is hierdie werk betekenisvol. Dit kan beskou word as 'n skuif in die rigting van die soeke na 'n definisie vir 'n nuwe era in die Afrikaanse historiografie. Derhalwe sou dit waarskynlik die moeite werd wees om die werk, in 'n ietwat gewysigde formaat, in Engels te vertaal. Sodoende kan die verhaal van die Afrikaners ook aan ander mense, buite die regstreekse dampkring van die Afrikaanse kultuur, bekend gestel word.

Die teks bevat geen voetnote nie. Daar is wel 'n kort kernagtige bibliografie en 'n handige indeks met trefwoorde.